# DIE BEDRIEGLIKHEID VAN SONDE EN GOD SE GENEESMIDDEL

comeandreason
MINISTRIES

*S**ondigheid* is die toestand van disharmonie met God en sy wet van liefde. Dit is 'n toestand wat gekenmerk word deur vrees en selfsug, eienskappe wat ons vleeslike natuur aandryf en ons tot sondige dade lei.

Maar hoekom is sondigheid en sonde so erg? Kom ons kyk . . .

## 1 Is Dit vir Jou 'n Sonde om Versoek te Word?

Versoeking om te sondig kom op twee primêre maniere: van *buite* jouself en van *binne*.

Om bloot van buite versoek te word, benadeel nie jou hart en verstand nie, en dit is ook nie 'n bewys van onregverdigheid nie. Adam en Eva is versoek terwyl hulle sondeloos was. Die versoeking self het hulle nie besoedel nie, maar om die leuen te glo en in eiebelang op te tree, het hulle wel besoedel.

Om van binne versoek te word, uit jou eie gevoelens van vrees en selfsug, is nie 'n daad

van sonde nie, en dit is ook nie 'n bewys van 'n onregverdige karakter nie. Jesus was in elke opsig versoek net soos jy, maar Hy was sondeloos. Om van binne versoek te word, is 'n bewys van die toestand van sondigheid, maar dit is nie 'n sonde nie.

Dit hang alles af van die keuse wat jy maak wanneer jy in die versoeking kom.

## 2 Wat Gebeur As Jy Sondig?

Benadeling van jou hart en verstand vind egter altyd plaas wanneer jy "ja" sê vir versoeking.

Wanneer jy jou vereenselwig met, smag na en sonde in jou gedagtes najaag, selfs al doen jy nie die sonde eintlik nie, bederf dit jou karakter. Alhoewel hierdie korrupsie vir mense verborge kan bly, word dit nooit vir God verborge nie. Jy word óf van sondigheid genees – met sy wet van liefde wat deur die Heilige Gees in jou hart geskryf is (Hebreërs 8:10) – óf jy versterk sondigheid in jou hart.

En wanneer jy uiterlik sondig – soos steel,

aanrand, molesteer, bedrieg, verraai, reputasie met leuens verwoes – benadeel jy nie net jou eie siel nie, en verskroei jy nie net jou gewete en bederf jou karakter nie, maar jy plant ook 'n saad van sonde in die hart van die slagoffer. As daardie saad nie deur God genees word nie, kan dit wortel skiet in die slagoffer, meer korrupsie deur vrees en selfsug na vore bring, en tot meer sondes lei.

Dit is hoekom een van Satan se hoof strategieë is om mense – veral diegene wat God se liefde en waarheid verwerp – te kry om teen ander mense te sondig. Sonde vermeerder nie net sondaars se eie skuld en skaamte nie, maar dit besmet ook hul slagoffers met vrees en selfsug. Satan gebruik dan hierdie sade verder om onskuldige slagoffers te versoek om kwaaddoeners deur hul eie sondige metodes uit te roei, wat die slagoffers verder verderf. Sonde veroorsaak 'n kettingreaksie van boosheid.

Dit is die bedrieglikeid van sonde.

# 3 Hoe God Jou van Sonde en Sondigheid Genees

Kom ons kyk na hierdie scenario:

'n Onskuldige man word deur die polisie vermoor, en die reaksie van sommige is om oproer te maak—wat daartoe lei dat hulle onskuldige mense se eiendom vernietig en hulle selfs beseer. Hierdie onskuldiges word dan bang, wat hulle tot verdere siklusse van haat, wrok, vergelding en geweld lei. Satan het daarin geslaag om die mense teen wie gesondig is, te kry om betrokke te raak by hul strewe om boosheid uit te roei deur sy metodes te beoefen – leuens, geweld, wraak – en om werklik goed te voel oor wat hulle doen.

Maar kom ons oorweeg nou die volgende:

'n Rassistiese gewapende man gaan op 'n skiettog in 'n kerk in Suid-Carolina, maar in plaas daarvan om die duiwel se metodes te

beoefen, kies die lede van die kerk om God se wet van liefde te volg. Hulle vergewe die man en moedig die gemeenskap aan om te vergewe. Of 'n gewapende man vermoor vyf Amish-meisies in 'n skoolhuis in Pennsilvanië, maar die Amish-familie vergewe die gewapende man en help selfs sy gesin in hul hartseer. Dit verminder die geweld en bring genesing vir harte, gedagtes en siele.

Satan verlustig hom daarin om boosheid aan te blaas en dan verontwaardiging by die slagoffers aan te blaas, en hulle uit te lok om die kwaaddoeners met sy metodes aan te val. Ons vergewe nie, het nie lief nie, probeer nie om die oortreder te verlos nie – ons volg nie Jesus se woorde om ons vyande lief te hê en te bid vir diegene wat ons misbruik nie (Matteus 5:44). Satan mislei mense om te probeer om oortreders te straf, te vernietig, te oorheers, te beheer en met geweld uit te roei – en die siklus van geweld gaan voort en versprei. Sonde neem al hoe meer harte oor.

Om straf toe te dien, vernuwe nie harte nie – net

God se genade kan dit doen. Daarom moet ons ophou om na die sonde te kyk, ophou om op die onreg te fokus, ophou om aan ons verontwaardiging te herkou – en eerder ons oë op God, sy wet en metodes van liefde, en ons Verlosser Jesus Christus rig. Deur ons oë op Hom te rig, word ons verander (2 Korintiërs 3:18). Ons word soos dit waaraan ons tyd spandeer om na te kyk en oor na te dink. Wanneer ons ons tyd spandeer om na die nuuskringloop te kyk – die voortdurende aanskoue van onreg, bedrog, uitbuiting en verkeerde dinge – blaas dit meer vrees in ons aan, wat ons in die versoeking bring om die bose te stop deur die metodes van boosheid te gebruik. Ons wentel afwaarts in steeds toenemende dieptes van selfsug en vrees.

God roep ons egter om die sondesiklus, die geweldsiklus, die korrupsiesiklus te breek – om ons harte van vrees en selfsug te bevry. Wanneer jy verontreg word (en ons is almal verontreg), wanneer jy woedend is (en ons is almal woedend), wanneer jy deur die bose gewond is (en ons is almal gewond), draai weg van die bose en rig jou oë op Christus! Dink na oor die lewe van Jesus. Bewonder Hom, verheug

jou in sy liefdesdade, koester jouself in sy waarheid, wees gedompel in sy teenwoordigheid, word vernuwe deur sy karakter, en drink diep van die genesende water van sy waarheid en liefde. Dit is God se middel om jou pyn weg te was, jou wonde te genees en jou te reinig van alle vrees, skuldgevoelens, skaamte, woede, bitterheid en selfsug.

Dan sal jy in hierdie bose en korrupte wêreld kan uitgaan en "julle vyande liefhê; goed doen aan die mense deur wie julle gehaat word; die mense seën deur wie julle vervloek word; bid vir die mense deur wie julle sleg behandel word" (Lukas 6:27, 28 AFR83). Sonde is bedrieglik, maar waar sonde oorvloedig is, is God se genade en genesing des te meer oorvloedig!

**Geskryf deur Timothy R. Jennings, M.D.**

Wil jy meer weet oor God se wet van liefde en hoe Hy jou van sonde en sondigheid kan genees?

Besoek **comeandreason.com**

**southafrica@comeandreason.com**